PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

20 Februarie 2022

Vanoggend

Skrifgedeelte: Psalm 1:3
Tema: Vrugteboom, of kaf?
Niemand van ons wil graag nuttelose kaf in God se oë wees nie. Ons wil almal graag vrug dra. En die Bybel sê vir ons: Dit is moontlik! Daarvoor het Christus gesorg toe Hy aan die kruis op Golgota gesterf het. Die geheim lê daarin dat ons lewens-wortels reg geplant moet wees.

Ons Program

Vandag 20 Februarie

- **Formele Erediens** om 9:30 en **Ons Woning** om 11:00 olv ds. Jaco Thom
- **Sondagskool**
- **Deuroffer:** Ons Woning
- **Verversings**: Kom geniet gerus iets te drinke en te ete na die erediens.

Saterdag 26 Februarie

- **Lees- en skryfklas vir volwassenes**. Hierdie opwindende program begin Saterdag om 10:00 in die sysaal van die kerksaal. Hulle hoef niks saam te bring nie en dis gratis. Ons teiken veral huis- en tuinwerkers. Die klas staan onder leiding van Daleen Krige en Leana Hugo. Vertel asb vir julle werkers. Dit kan hulle lewe verander!

Sondag 27 Februarie: Verheerlikingsondag

- **Informele Erediens** om 9:30 en **Ons Woning** om 11:00 olv ds. Jaco Thom
- **Sondagskool en kategese**
- **Deuroffer**: Jan Krielskool

Ons Bybellees-program

- Ons lees tans die **Evangelie volgens Johannes** (vandag Joh 7).

- As jy daagliks die kort oordenking van ds Jaco oor die betrokke hoofstuk per WhatsApp wil ontvang, kontak hom of Elmien gerus.

Só glo ons

Die Heidelbergse Kategismus
Vraag 95: Wat is afgodery?
Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertroue stel.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Februarie
20 Ina Botha; Christo Oberholzer; Sorina Stander
21 Johan Odendal snr
22 Ina de Lange
23 **Valerie du Plessis (85j)**
25 JG van Loggerenberg; Gehan Venter

Voorbidding

- Dr. Hannes Hartman – Behandeling vir kwaadaardige gewas aan sy long.
- Phillip du Plessis – Herstel by die huis ná trombose in die long.
- Anna Klok – herstel in Pasteur-hospitaal.
- Ansie van Niekerk – in hospitaal in Kimberley.
- Chris Mulke - Ernstig siek.

Vrouebediening

Kwartaal 1: Ragab-groep (Wyke 2, 5 & Modderrivier) Mev. Sorina Stander
4 Mrt Wêreldbiddag vir Vroue
6 Mrt Nagmaal – Blomme en Nuusbrief

16 Mrt Bestuursvergadering (Bespreek basaar)
17 Mrt Skole sluit

Dankbaarheid

Phillip du Plessis skryf:
Ek het gedurende November verlede jaar opgemerk dat my linkerbeen opswel en mediese advies ingewin. Ná talle toetse bevind ek my daardie aand in die hospitaal met die slegte nuus dat ek bloedklonte in my been het en dat daarvan losgekom het en in my longe beland het. Dit was vir my nogal 'n groot skok, aangesien ek nooit eintlik siek was nie. Nog toetse en sonars volg, en die uiteindelike nuus is dat daar medies net voorkomend opgetree kan word en dat my liggaam self die genesing sal behartig.

Aan die begin van Desember is ek uit die hospitaal ontslaan. Ek het eintlik al, voor ek die eerste keer die dokter gaan sien het, ervaar dat ek maklik moeg en kortasem raak. Na my ontslag uit die hospitaal, was die asemnood nogal ernstig en my gemoed het 'n knou gekry. Ek het so baie gebid en gelees maar kon net nie by die punt kom waar my verhouding met God my, soos altyd, daardie versekering gegee het dat alles volgens sy wil sal geskied nie, en dat ek net moet glo nie. So baie vriende en familie en onbekendes het my bemoedig en vir my gebid, maar my versekering wat ek in God gehad het, was wankelrig.

In dieselfde tyd, net voor Kersfees, het ek begin voel dat my liggaam seer word as ek beweeg. Dit het daagliks vererger en teen die middel van Januarie was dit baie moeilik om op te staan, te loop of enigiets te doen. Intussen het die gebede van vriende my bemoedig en my gehelp om die pyn te verduur. Elize het omtrent elke aand by my bed kom sit en haar hart voor God uitgestort en gesmeek vir genesing. Ek kon werklik waar die bonatuurlike kragte van die gebede aanvoel en dit het my baie berusting gegee.

Intussen het die pyne erger geword. Nog nooit in my lewe het ek so seer gehad nie; ek kon partykeer nie my tande borsel nie want my hand wil nie die borsel vashou nie en my mond wil nie oopmaak van die seer nie. Bo en behalwe die pyn, kon ek ook glad nie slaap nie. Elke nag het ek gesit, gehuil, rondgerol en gewoonlik hier by 4 uur bietjie weggeraak.

Gedurende hierdie tyd kon ek self nie meer bid of Bybel lees nie maar ek het gedurig net my geloof in my denke bely. Dit was vir my 'n verskriklike ervaring .

Een Sondag, sowat drie weke gelede, onthou ek dat die pompie wat ek gebruik om my lugweë oop te maak ook kortisoon bevat, en dat dit ook moontlik genesing kan aanhelp. Ek het ook kortisoonpille gekry en ek het sommer vier van hulle saam met die pynpille daardie aand geneem.

Ek het so teen half tien in die bed geklim, aan die slaap geraak, die volgende oggend agt uur wakker geword, dadelik weer aan die slaap geraak en eers twee uur daardie middag wakker geword. Ek was uit die veld geslaan en toe ek opstaan en loop met geen pyn in my hele lyf nie. Ongelooflik! Ons was oorstelp van vreugde. My asemnood was ook sommer beter en ek was 'n ander mens. Ek het sedert daardie dag nog nie nodig gehad om weer enige pille vir pyn te drink nie .

Hierdie week hou ons selgroep en ons gesels daaroor en Elize noem toe dat sy daardie Sondagaand toe sy gaan slaap voor God geween het en gevra het dat hy my in my slaap moet gesond maak asb.

God het haar en al die ander gebede geantwoord. Dis nou drie weke, drie pynlose weke en heelwat verligting met asemnood. Ek kan nou weer bid, my hart oopmaak voor God, sy Boek lees en daaroor getuig. Ps 127-2: "Vir die wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap."

Ek skryf hierdie getuienis met die hoop dat elkeen wat dit lees sal verstaan dat God bo alles is. Ek word daagliks deur die Gees herinner aan Matt 6:33: Soek allereers die koninkryk van God en moet nooit vergeet nie, wat jou ook al pla, wat jou ook al ontstel, wat jy ook al nodig het, watter behoeftes jy ook al het, soek allereers die Koning van die koninkryk van God en alles wat jy vra sal voorsien word. Net weer baie dankie vir elkeen wat vir my gebid het en nog steeds bid, moet nooit ophou nie.

U genade is vir my genoeg.
(effens verkort – red.)

Leraar:	**Jaco Thom** 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor:	**Madette Lombaard** 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis:	**Elmien Thom** 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster:	**Annamarie Dercksen** 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf	www.ngkerkpetrusburg.co.za *facebook* NG Kerk Petrusburg
Kantoorure	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
Bankrekening	ABSA Tjekrekening 2610580001